AKADEMIA
UITGEWERY

KATALOGUS





Klik op die omslag om ’n uittreksel af te laai.

PLATO

VERDEDIGING VAN SOKRATES

Die *Verdediging van Sokrates* is een van die vroegste brondokumente van Westerse filosofie. Dit is nie alleen ŉ apologie vir ondersoekende en kritiese denke in ŉ wêreld waar maghebbers met onredelikheid en onbillikheid die toon aangee om die burgers, dié sonder veel geld of mag, onderdanig en op hulle plek te hou nie, of ŉ apologie vir die redeneerkuns in ŉ wêreld waarin die massamedia openbare menings bepaal nie.

Dit is ook ŉ vertelling van die ontwaking van ŉ kultuur waaraan ons so baie te danke het, insluitend wetenskap, demokrasie, letterkunde, teaterkuns en dies meer.

Boshoff se vertaling is lewendig en laat die antieke Griekse filosowe sommer lekker Afrikaans praat. Lesers sal só meegevoer word dat hulle wil saampraat, wat beteken dat hulle begin om ook saam met Plato te dink, om self standpunt in te neem en om standpunte te herdink, aan te pas en te verdedig.

PRYS	*R100*
FORMAAT	*Sagteband, 120 x 160 mm*
ISBN	*978-0-9946839-2-2*
BLADSYTELLING	*80*
ONDERWERP	*Filosofie*
PUBLIKASIEDATUM	*Februarie 2019*

Koop die *Verdediging van Sokrates* hier of by Protea Boekwinkel



Klik op die omslag om ‘n uittreksel af te laai.

KNOOP PUNTE

OPSTELLE VIR EN OOR DANIE GOOSEN

Danie Goosen word beskou as een van dié vooraanstaande lewende Afrikaanse filosofiese denkers. In sy latere werk hou hy homself veral besig met die rol en toekoms van die Afrikaners, asook die lewenskragtige konsep van gemeenskap.

In hierdie bundel word daar hulde gebring aan dié hedendaagse denkleier, en word die ryke invloed van Goosen se intellektuele arbeid op prominente plaaslike akademici en gemeenskapsleiers illustreer.

Deur 'n verskeidenheid essays oor Goosen se lewe en werk kry die leser 'n beeld van sy vorming en die ontwikkeling van sy denke vanuit nasionale en internasionale oorde, maar dui die prominensie van die bydraers hier ook op die diep spore wat Goosen as mens en denker in Suid-Afrika, Europa en Amerika getrap het.

PRYS	*R350*
FORMAAT	*Sagteband, 160 x 230 mm*
ISBN	*978-0-620-85856-4*
BLADSYTELLING	*507*
ONDERWERP	*Aktueel, filosofie, huldigingsbundel*
PUBLIKASIEDATUM	*Junie 2020*

Koop *Knooppunte* hier of by Protea Boekwinkel



Klik op die omslag om ’n uittreksel af te laai.

MIDDELEEUSE FILOSOFIE

VOLUME 1 & 2

Die oogmerk van hierdie omvangryke werk is om vanuit die ideehistoriese genre ŉ eerste grondige inleiding tot Middeleeuse filosofie in Afrikaans aan te bied. Die werk vertoef wel by wat die skrywer die 'gekanoniseerde' denkers in Middeleeuse filosofie noem, maar juis nié met oordrewe klem nie.

Uiteindelik is 145 denkers vanuit ses nuutverantwoorde periodes in Middeleeuse filosofie in die werk hanteer; bygewerk vanuit die mees onlangse nisnavorsing in Duits, Engels, Frans en Nederlands; elkeen met ŉ eie afdeling, bibliografie en kommentaar per eindnotas.

Hierdie is nie bloot ŉ akademiese naslaanwerk nie, maar ook ŉ leesboek aangebied vir ŉ wyer belangstellende leserspubliek – en kan vanuit die estetiese aanbod en toeganklike aard daarvan vir enige leser aanbeveel word wat geïnteresseerd is in die na-Romeinse kultuurgeskiedenis en Middeleeuse filosofiegeskiedenis.

	VOLUME 1	VOLUME 2
PRYS	*R600*	*R700*
FORMAAT	*Sagteband, 180 x 240 mm*	
ISBN	*978-0-620-84355-3*	*978-0-620-87894-4*
BLADSYTELLING	*761*	*885*
ONDERWERP	*Filosofie, kultuur, geskiedenis*	
PUBLIKASIEDATUM	*Augustus 2020*	

Koop *Middeleeuse Filosofie* hier of by Protea Boekwinkel

Kontakbesonderhede

Vir algemene navrae
www.akademia.ac.za / 0861 222 888

Vir boekverkope en verkoopsnavrae
winkel.akademia.ac.za / winkel@akademia.ac.za

Vir manuskripvoorleggings en uitgewerynavrae
uitgewery@akademia.ac.za